Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2020-10-23

Geagte ouers

Ons gee graag terugvoer rakende gebeure by die skool tydens kwartaal 3 en deel ook belangrike inligting wat u benodig voor die aanvang van die laaste skoolkwartaal.

Baie dankie vir die wyse waarop u hierdie ontwrigtende tyd hanteer het. Ons besef terdeë dat daar groot opofferings deur ouers gemaak word om hul kinders by die skool te kry. Die een-dag-aan-een-dag-af by die Intersenfase of week-aan en week-af soos by die Grondslagfase is nie maklik om altyd by te bring nie. Ek is egter trots om te sê dat die oorgrote meerderheid leerders uiters getrou skool bygewoon het. Daar is ook nog slegs enkele leerders wat vrystelling van verpligte skoolbywoning verkry het wat nog nie terug is nie.

AKADEMIE

Akademiese Rapporte: U het vandag u kind se rapport ontvang. Ons gaan nie volgende kwartaal ‘n algemene ouer-onderwyseraand hou om die uitslae te bespreek nie. U is egter welkom om persoonlik met enige onderwyser kontak te maak om die akademiese vordering van u kind te bespreek. Skakel asb. die skoolkantoor om ‘n afspraak te maak.

Skole heropening: Die 4de kwartaal begin weer amptelik op Maandag 2 November. Alle leerders sal soos volg terugkeer skool toe.

- **Grondslagfase (Groep A):** Maandag 2 November. Sifting 07:00-07:30. Klasse begin om 07:30. Leerders verdaag om 12:00.
- **Grondslagfase (Groep B):** Maandag 9 November. Sifting 07:00-07:30. Klasse begin om 07:30. Leerders verdaag om 12:00.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

- **Intersenfase (Groep B – Dag 2):** Maandag 2 November. Sifting 07:00-07:30. Klasse begin om 07:30. Leerders verdaag om 13:00.
- **Intersenfase (Groep A – Dag 2):** Dinsdag 3 November. Sifting 07:00-07:30. Klasse begin om 07:30. Leerders verdaag om 13:00.

Vrystelling van verpligte skoolbywoning: Die Departement van Onderwys het aangedui dat alle leerders wat vrystelling van verpligte skoolbywoning ontvang het, moet terugkeer skooltoe. Alle leerders moet dus met die aanvang van skool volgende kwartaal (2 November) terugkeer skool toe.

Eksamen – Gr. 4-7 (16-27 November): Saam met hierdie nuusbrief ontvang u ook die amptelike eksamen rooster en -afbakening vir U aandag. Ons Gr. 7-leerders begin reeds op Maandag 16 November terwyl die Gr. 4-6-leerders op 19 November met hul eksamen begin.

Om by die COVID-19 regulasies te hou verskil die eksamen formaat ietwat van vorige jare. Ons gaan daagliks van twee sessies gebruik maak:

Gr. 4/5:	Gr. 6/7:
07:00-07:30 Sifting van leerders	10:00-10:30 Sifting van leerders
08:00-09:00 Skryf van eksamenvraestel	11:00-12:00 Skryf van eksamenvraestel
09:15-09:30 Verdaag	12:15-12:30 Verdaag

Tydens die eksamen tydperk bly leerders by die huis tydens die sessies wat hulle nie skryf nie. Dus sal slegs die Gr. 7-leerders op 16, 17 en 18 November skool bywoon. In hierdie dae sal Gr. 4-6-leerders dan by die huis bly om te leer.

Grondslagfase leerders sal soos gewoonlik voortgaan met hul klasse en verdaag om 12:00.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Na-afloop van die eksamen (vanaf 30 November) sal geen verdere akademiese klasse aan enige leerders (Gr. RR-7) aangebied word nie. Die amptelike teenwoordigheidsdatum van leerders by die skool word bepaal as Vrydag 27 November. Die personeel is egter nog elke dag tot 15 Desember by die skool.

Akademiese Rapporte: Alle leerders (Gr. RR-7) ontvang hul akademiese rapporte op die amptelike laaste dag van die kwartaal nl. Dinsdag 15 Desember. Sifting vind tussen 07:00-07:30 plaas. Leerders rapporteer onmiddelik na sifting by hul klasonderwysers, ontvang hul rapporte en verdaag direk hierna. Teen 08:00 behoort die laaste leerders die skoolterrein te verlaat. Weens veiligheidsredes sal geen rapporte by die skoolkantoor beskikbaar wees nie.

FINANSIES

Busboekies / Jagpakette: Dit is nou u laaste kans om nog uitstaande boekies skooltoe te stuur. Die trekking vir die wenners sal op 23 Oktober geskied.

KIA / STULTING WEN 'N MOTER: KIA Jeffreysbaai het 'n nuwe inisiatief om fondse vir die skool in te samel van stapel gestuur. Koop 'n kaartjie om 'n kans te staan om 'n ***SPLINTERNUWE KIA Picanto*** te wen! Die kompetisie eindig met die trekking van die gelukkige wenner op 15 Desember 2020 by die KIA agentskap op Jeffreysbaai.

63450 62352

Kaartjies word "aanlyn" gekoop teen R 100 elk. Alle gelde word direk in die skool se rekening inbetaal. U kan ook die inskrywingsvorm by die skoolkantoor voltooi. Versprei die nuus ook aan u vriende en familie.

U kan op verskeie maniere toegang tot die ***KIA / STULTING WEN 'N MOTER*** trekking verkry.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Wat moet u doen om 'n kaartjie aanlyn te koop?

1. Besoek *Google Playstore* of *Apple IStore* en laai die ***masterpass app*** op u selfoon af.
2. Voltooi al die betrokke velde wat deur die app van u bank aangevra word.
3. Besoek die skakel www.kiajbay.co.za. met u rekenaar.
4. Klik op die 2de skakel: KIA JBAY SPONSORSHIP.
5. Klik op LAERSKOOL STULTING
6. Neem jou selfoon en skandeer die QR Code met u masterpass app.
7. Voltooi deur R 100 in te vul en te betaal.
8. ***Voltooi deur u selfoonnommer as verwysing te gebruik.***
9. U is nou ingeskryf om 'n kans te staan om 'n splinternuwe ***KIA Picanto*** te wen tydens 15 Desember 2020 se trekking.

OF

1. Besoek *Google Playstore* of *Apple IStore* en laai die ***masterpass app*** op u selfoon af.
2. Voltooi al die betrokke velde wat deur die app van u bank aangevra word.
3. Besoek die skakel www.stulting.co.za
4. Neem jou selfoon en skandeer die QR Code met u masterpass app.
5. Voltooi deur R 100 in te vul en te betaal.
6. ***Voltooi deur u selfoonnommer as verwysing te gebruik.***
7. U is nou ingeskryf om 'n kans te staan om 'n splinternuwe ***KIA Picanto*** te wen tydens 15 Desember 2020 se trekking.

OF

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

---

1. Besoek *Google Playstore* of *Apple IStore* en laai die *masterpass app* op u selfoon af.
2. Voltooi al die betrokke velde wat deur die app van u bank aangevra word.
3. Besoek die skoolkantoor en skandeer die QR Code by ontvangs.
4. Voltooi deur R 100 in te vul en te betaal.
5. ***Voltooi deur u selfoonnommer as verwysing te gebruik.***
6. U is nou ingeskryf om 'n kans te staan om 'n splinternuwe **KIA Picanto** te wen tydens 15 Desember 2020 se trekking.

OF

1. Besoek *Google Playstore* of *Apple IStore* en laai die ***masterpass app*** op u selfoon af.
2. Voltooi al die betrokke velde wat deur die app van u bank aangevra word.
3. Klik op die skakel wat u per Whats App-boodskap van u klasonderwyser ontvang het.
4. Volg die instruksies soos hierbo uiteengesit.
5. Voltooi deur R 100 in te vul en te betaal.
6. ***Voltooi deur u selfoonnommer as verwysing te gebruik.***
7. U is nou ingeskryf om 'n kans te staan om 'n splinternuwe ***KIA Picanto*** te wen tydens 15 Desember 2020 se trekking.

OF

1. Besoek *Google Playstore* of *Apple IStore* en laai die ***masterpass app*** op u selfoon af.
2. Voltooi al die betrokke velde wat deur die app van u bank aangevra word.
3. Neem jou selfoon en skandeer die QR Code op hierdie nuusbrief met u masterpass app.
4. Voltooi deur R 100 in te vul en te betaal.
5. ***Voltooi deur u selfoonnommer as verwysing te gebruik.***
6. U is nou ingeskryf om 'n kans te staan om 'n splinternuwe ***KIA Picanto*** te wen tydens 15 Desember 2020 se trekking.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Stulting Ondersteunersklub Gholfdag: ‘n Geslaagte gholfdag is op Saterdag 3 Oktober by die Links Gholfbaan in St. Francisbaai gehou. Baie dankie aan ons ouers wat verantwoordelik was vir die reël van die dag asook die spelers wat daaraan deelgeneem het. Baie dankie aan al die borge wat bydrae gemaak het en waarsonder dit nie suksesvol afgehandel kon gewees het nie.

Resepteboek: Daar is ‘n Stulting resepteboek beskikbaar teen R300. Dit is ‘n kleurgedrukte versameling van leerders se gunsteling resepte, asook helder kleurvolle foto’s van leerders. ‘n Opgedateerde kopie sal vanaf Maandag 19 Oktober in die kantoor beskikbaar wees om te besigtig. Die bestelvorm, met die betaling, moet voor/op 6 November by die skool wees. Geen bestellings sal geprosesseer word sonder die fooie nie.

Naam van leerder	Telefoon nr.	Hoeveelheid	Bedrag betaal

KULTUUR

Redenaars: Baie geluk aan die volgende leerders wat tydens die aanlyn-redenaars presteer het. Stulting is baie trots op die leerders! Minandi en Clarissa Venter het albei tydens die ATKV Digipraat ‘n A+ ontvang. In Radikale Redenaars het die volgende 5 leerders onder die TOP 10 geëindig: Mienke Brits (eerste plek behaal), Elandré van Loggerenberg, Annelé Landman, Melita Steyn en Minandi Venter.

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF